


26 JULIE 2020

# 3iG



'n saam-glo dissipelskap gesprek

## saam bid

**Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.**

**B.I.D.** staan vir:

**B:** Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

**I:** Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

**D:** Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

**LEWENS-LEUSE:** Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

“Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.”

## saam groei

**Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.**

Die Gees van God is God se gawe aan almal wat bely dat Jesus Christus die Here is (Rom. 8:9). God se Gees maak gelowiges vry. Hulle hoef nie meer in vrees vir God te lewe nie, want hulle is nou kinders van God in wie se harte die Gees liefdevol en jubelend uitroep “Abba, Vader” (Rom. 8:15). Hierbenewens tree die Gees ook as Voorbidder vir sy aardse kerk op. Wanneer gelowiges, wat reeds die Gees as eerste vrugte van die hemelse oes ontvang het (Rom. 8:23), sug en swaarkry, ondervang die Gees hierdie sugte deur sy eie gebed. Hy tree in die bres wanneer menslike swakheid en broosheid op sy grootste is. Dit weet ons mos dat gelowiges, ondanks die inwoning van die Heilige Gees, nie super-wesens of kragreus is nie. In sulke tye is die Gees aan die werk om ons hulpeloosheid en biddeloosheid as Trooster aan God in sy hemelse woonplek bekend te maak. (Rom. 8:26-27). Behalwe dat Christus as hemelse Middelaar aan die regterhand van die Vader vir ons pleit (Rom. 8:34), is die Gees aan die werk om God se wil biddend in ons lewens te voltrek. Lees nou Rom. 8:26-39 aandagtig deur.

## saam gesels

**Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).**

1. Wees eerlik met mekaar. Deel jou eie ervaring van vertwyfeling met die res van jou groep. Wat het tot hierdie vertwyfeling aanleiding gegee? Was dit dalk bepaalde omstandighede wat gemaak het dat jy dit beleef het dat God sy rug op jou gekeer, sy aangesig vir jou verberg en jou verlaat het? Hoe het jy hierdie nag van vertwyfeling oorwin? By die eerste lees van Rom. 8:26-39, dui aan watter deel het vir jou vertroosting gebied. Waarom?



2. Te midde van swaarkry, weet Jesus-navolgers nie alleen wat en hoe hulle behoort te bid nie; hulle weet ook nie presies wat hulle wil hê nie en het nie die woorde om daarvoor te vra nie. Verduidelik vir mekaar die rol van die Gees as Gebedshulp vir sugtende, brose mense.
3. “Ons weet dat alles ten goede meewerk vir hulle wat God liefhet...” (vers 28). Probeer hierdie woorde binne die verband van verse 29-30 verstaan. Maak 'n lys van alles wat God in die verlede reeds gedoen het. Bring nou vers 28 hiermee in verband. Vir navolgers van Jesus is hierdie waarheid gevul met hoop en verwagting. Spel dit vir mekaar uit.
4. Jesus-volgeling is nie 'n probleemvrye, idilliese bestaan gewaarborg nie. Daarvoor is daar voldoende aanduidings in verse 31-39. Wat word wel vir gelowige navolgers van Jesus hier belowe? Bespreek die implikasies vir julle wandel in Jesus se voetspore.
5. Identifiseer in die lig van verse 38-39 wat die bedreigings is wat ons in hierdie tyd van God se liefde wil skei. God se liefde triomfeer oor alles wat ons bedreig, ook die dood. Watter uitwerking het hierdie versekering op jou geloofspad saam met Jesus?

## saam stap

**Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.**

Geloofsgewoonte: **Om stil te word.** “Silence is not to be shunned as empty space, but to be befriended as fertile ground for intimacy with God.” Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om weg te kom van die verslawing aan alle vorme van geraas, wat ons aandag van God aftrek en om onseff luisterend in stilte volledig vir Hom oop te stel. Lees hieroor: 1 Kon. 19:12; Hab. 2:20; Luk. 5:16 en Op. 8:1.

**Doen-dinge:**

1. Sonder jou af om vir ten minste tien minute in die teenwoordigheid van God stil te wees. Wees net by God.
2. Terwyl jy met iets besig is, draai die agtergrondmusiek af, sit die radio of selfoon se klank af en offer dit waarmee jy besig is as 'n offer aan God. Doen dit wat jy doen met 'n luisterende hart. Wat beleef jy alles.
3. Word stil en dink na oor die woorde van Ps. 37:4.
4. Probeer om 'n halwe dag lank in stilte te leef: geen boeke, of musiek nie, luister net. Wat het in jou stil-wees na vore getree in jou gemoed?

**Dink-dinge:**

1. Hoe en om watter rede vermy jy stiltes?
2. Waar kan jy in stilte God ontmoet?
3. Waarom werk God in stiltes met ons? Kry vir jouseff duidelikheid hieroor.

## 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

## 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

## 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.